Tjokkie WEEKBLAD
UNIVERSITAS NET MY BESTE
10 April 2026 Uitgawe: 1/2/2026

# UIT DIE KANTOOR

Baie welkom terug aan al ons leerders en ouers. Ek hoop dat elkeen 'n geseënde Paasfees saam met hulle gesinne kon beleef. Kwartaal twee is reeds goed op dreef met heelwat van ons leerders wat Saterdag betrokke is by verskeie rugby- en netbaldae regoor die stad. **Let asb. daarop dat daar môre 'n toegangsfooi van R10 by alle skole wat sportdae aanbied, gehef gaan word vir volwassenes en hoërskoolkinders, asook hier by Tjokkies. Dit word uitsluitlik aangewend om die kostes vir die noodhulp van die dag te betaal.** Verder is daar ook'n Mangaung Metro Skaaktoernooi wat die naweek plaasvind.

***"Lazer & Light Show"***

Baie dankie aan elke ouer wat hierdie fondsinsameling ondersteun het. Dit was die eerste keer dat ons so iets probeer het. Die fondse van hierdie geleentheid wil ons graag aanwend vir die opgradering van ons skoolsaal se toerusting. Dit is vir ons 'n belegging vir die toekoms, aangesien ons gereeld toerusting moet huur vir groot geleenthede wat die skool baie geld uit die sak jaag.

**Buitemuurse rooster en ligabepalings**

Ouers het reeds hierdie rooster ontvang. Aangeheg is ook die ligabepalings vir die kwartaal. Neem egter asb. kennis dat dit onderhewig is aan verandering. Indien daar skuiwe sou plaasvind, sal dit vroegtydig gekommunikeer word.

**Rapporte en oueraand**

Die Gr. 4-7 leerders ontvang vandag hul rapporte vir die eerste kwartaal. Gaan asb. saam met u kind deur hierdie verslag en identifiseer moontlike probleme waaraan gewerk kan word. Die oueraand vir Gr. 1-7 vind op Dinsdag, 21 April plaas. Kontak asb. die kantoor vroegtydig om 'n tydgleuf te boek om met die betrokke vakonderwyser of klasonderwyser te kom gesels. Die oueraand sal strek van 16:00 – 19:00.

# ANDER

**Personeelsake**

Ons verwelkom graag vir juf. Jené Smuts as nuwe Gr.1-onderwyser by Tjokkies. Sy is permanent aangestel in die plek van juf. Janah Posthumus wat einde 2026 bedank het. Baie dankie aan juf. Himke Steenkamp wat verlede kwartaal by die klassie ingestaan het.


Welkom terug aan juf. Nadine Malherbe (Gr. 2) en juf. Geraldine Finlay (Gr. 4) wat verlede kwartaal met kraamverlof was.

# BELANGRIKE DATUMS

| | |
|---|---|
| 11 April: | Rugby- en Netballiga |
| | Tjokkies o/7-dag |
| 14 April: | Voortrekkers: Kommando-bestuursvergadering |
| | H/S Sentraal Opedag (Gr. 7) |
| | Vrystaat o/12 & o/13 rugbyproewe (2$^{de}$ ronde) |
| 16 April: | Rugbyliga vs Saints (tuis) |
| 17 April: | ATKV Redenaars |

# VERJAARSDAE

| | |
|---|---|
| 13 April: | Mev. Daleen Vermaak (Finansies) |
| 16 April: | Juf. Mariandel Nortje (Gr. 2) |
| 17 April: | Mev. Sanet Horn (Kleuterskool) |



## MAMMAS WAT BID

**GENESIS 45:5, 7 AFR83**
[5] Maar julle moet nou nie sleg voel of bang wees omdat julle my verkoop het nie, want God het my voor julle uit gestuur om lewens te red.

[7] God het my voor julle uit gestuur om vir julle 'n oorblyfsel in hierdie land te laat oorbly, om julle aan die lewe te hou en sodat baie aan die dood sal ontkom. [8] Dis nie júlle wat my hierheen gestuur het nie, maar God.

Ons wens partykeer die lewe was een reguit, maklike en gladde pad vooruit, maar dis baie keer nie die geval nie. Hierdie gebroke wêreld sorg vir baie draaie, struikelblokke en slaggate in ons lewenspaaie.

As Josef kon kies, sou hy nooit dit wou hê dat sy broers hom as slaaf verkoop nie. Hy sou ook nie kies om onregverdiglik vir twee jaar in die tronk te spandeer nie.
Jare later kom kleur God die groter prentjie mooi in: Josef word Farao se raadgewer en heerser oor Egipte....sodoende red God deur Josef duisende mense van hongersnood, insluitend sy eie familie. Iets baie goed het uit iets sleg gebeur.
Hierdie kwartaal gaan wonderlike oomblikke inhou. Daar mag ook dalk 'n kinkel in die kabel voorkom, maar dan kan ons weet:

**ROMEINE 8:28 DB**
[28] Ons kan nou van een saak seker wees: God gebruik elke ding wat in ons lewens gebeur om sy doel te bereik. Vir ons wat vir God liefhet, werk alles tot ons beswil uit.

## SNUFFELS






Sien skakel vir advertensie aangeheg by Weekblad.


JF-OPE-AAND
Gr. 7 Ouerinligtingsaand
Dagboek die datum
20 APRIL 2026
JF-SKOOLSAAL 18:00
www.jf.co.za
0515021760
GARDENIAPARK
BLOEMFONTEIN
SIEN JOU DAAR!
BRING JOU OUERS SAAM!


BLOEMFONTEIN- LANGENHOVEN PARK
We collect and deliver your vehicle at home,work or where you specify
TONIE - 082 5775 042
GEORGE - 063 6722 942
AUTO
SERVICES
RELIABLE, AFFORDABLE AND QUICK AUTO SERVICES
Get Your Car Running Like New with Our Auto Services!
We understand that your car is an essential part of your life. That's why we offer professional auto services to keep your vehicle running smoothly and safely.
Our Services Include
Service and Repair on all vehicles
Brake inspections and repairs
Battery checks and replacements
Transmission repairs
Engine diagnostics
Tire rotations and replacements


DANNi DiNOCORN
Bly Kalm
7 Sessies
slegs
R350
per sessie
Beperkte plekke beskikbaar
Inskrywings sluit 14 / 4 / 2026
Is jou kind maklik oorweldig of angstig?
Leer jou kind om angs met selfvertroue te hanteer
Minder Angs
Meer selfvertroue
Beter emosionele woordeskat
Ontwikkel deur geregisteerde sielkundiges.
Sessies word aangebied in Bloemfontein.
Volledige werkboeke en animasievideos ingesluit.
Besoek ons webwerf vir meer inligting en om in te skryf
+27 (0)82 094 6078 | info@dannidinocorn.com | FB @Dannidinocorn | www.dannidinocorn.com